2017 : HOE HIERDIE AANSOEK WERK

Hierdie kursusse is hoofsaaklik dit waarvoor ons by AgriSeta aansoek doen vir borgskap uit die diskresionêre fonds. Jou diskresionêre bydra is omtrent 50% van jou SDL. Gebruik dit as 'n riglyn. Jou kanse om soveel te kry is egter uiters skraal. In die huidige klimaat is dit wel krities om te bewys dat landbou die befondsing benodig.

Die kursusse wat ons gekies het is hierdie jaar baie gefokus op toesighouers en bestuur.

Die befondsing sal nie die hele kursus fooi dek nie. Sien dit dus as 'n subsidie. Op die vorm het ons gevra dat jy aandui of jy die kursus in elk geval sou doen (m.a.w. al misluk die befondsing aansoek) sodat ons beter kan beplan. As jy in elk geval die kursus gaan doen bespreek asb. soos normaal. As jy egter dit net gaan doen as dit befonds is, moet dit nie bespreek voordat jy 'n antwoord van ons oor die befondsing ontvang het nie. Ons behoort te hoor teen Mei en sal julle dan kontak vir finalisering.

Die doel van die werkswinkel FLP is om die handlangers en mense wat verantwoordelikheid is vir die daaglikse instandhouding van trekkers, meer vaardig en akkuraat te maak. Hulle word nie vakmanne nie.

Leerlingskappe : Hierdie bly die Rolls Royce van opleiding. In 2018 gaan die huidige leerlingskappe verval. Dink asb. mooi – veral oor die Xhosa toesighouers wat nog nie NQF 1 gedoen het nie. Die plant produksie agtergrond wat dit hulle gee is goud werd. Dit gaan nie oor mense nie; dit gaan oor plante. Die agtergrond ontbreek dikwels.

Ons sal graag die name van enige moontlike NQF4 kandidate so gou moontlik wil ontvang sodat ons met die uitgebreide keuringsproses kan begin. Ons aanvaar Xhosa studente maar hulle Afrikaans moet so wees dat hulle aan klasgesprekke kan deelneem en goed kan Afrikaans lees.

As jy twyfel BEL ASSEBLIEF.

WAT OM TE DOEN

1. Druk die laaste 2 bladsye van hierdie dokument (die vorms wat jy moet voltooi)
2. Werk deur die kursusse en voltooi die vorm. Vir elke kursus waarin jy belangstel moet jy die ras, geslag en ouderdomsgroep van die student/e wat jy dink jy graag geborg wil hê inskryf. (D by geslag = "disabled" !!)
3. Jy moet die laaste bladsy teken en saam met die voltooide aansoek vir Zelda gee of vir ons stuur. Maak seker jou plaas naam is voltooi.

PLASE WAT HULLE VORMS BETYDS INDIEN SONDER HERINNERINGE GAAN VOORKEUR GENIET BY DIE INDEEL VAN BEFONDSING.

SLUITINGSDATUM : 13 Januarie 2017

GEBORGDE en GESUBSIDIEERDE KORT KURSUSSE

A2: SITUASIE LEIERSKAP

SIMS KHULA

DOEL: Hierdie program is ‘n ou gunsteling wat met baie positiewe resultate in 2015 en 2016 aangebied is. Dit gemik op Bestuurslui met tegniese ervaring van boerdery, maar wie die behoefte het om hul mens vaardighede verder te slyp. Lesings, individuele sessies en praktiese plaastake is geïntegreerd gebruik teen die agtergrond van meer spesifiek “ situasie leierskap” beginsels.
STUDENTE KATEGORIE: G & H (Eienaar/Bestuur)
TYDSDUUR: 8 dae . Program Finalisering : Mei 2017

Situasie Leierskap	Balans wat plaas betaal
R10350 (ledeprys)- R4004 (Maksimum krediete) =	**R6346**

B2: BASIESE BEGINSELS VAN DEELNEMENDE BESTUUR + MENTORSKAP SESSIES

Anida Training

DOEL: Jong mense wat in landbou begin werk het dikwels ‘n tekort aan kennis oor bestuur. Om mense te bestuur is die grootste uitdaging en hierdie kursus gee ‘n basiese fondasie om van te werk.
Inhoud : Bestuursfunksies, bronne wat bestuur moet word, bestuursvaardighede, verskillende bestuurstyle, beplanning van werk, organisering van werk, gee van instruksies, delegering van verantwoordelikheid, probleem oplossing , kommunikasie, konflikhantering, beheer, kleinspan dinamika, deelnemende bestuur en motiveringsteorie.
Studente kategorie: G & H & F (Bestuur)
TYDSDUUR: 4 dae + 2 opvolgsessies + 3 mentor sessies

DEELNEMENDE BESTUUR	Balans wat plaas betaal
R4370 (Lede prys) – R2912 (Maksimum krediete)	**R1458**

D5: TOESIGHOUER KURSUS

Anida Training

DOEL: Die basiese take van goeie toesighouding word in detail uiteengesit. Dit word toegepas en bespreek in die klas en soms ook geïllustreer deur ‘n video. Daar is ook ‘n opvolg stelsel waarby die bestuurder van die toesighouer betrek word. Aan die einde van die kursus sal die student o.a.: opdragte suksesvol kan deurgee, goeie span verhoudings bou, probleme oplos, werk beplan en groter verantwoordelikheid kan aanvaar.

Toesighouer kursus	Balans wat plaas betaal
R3080 (lede prys) – R2184 (maksimum krediete) =	**R896 per student**

D6: SPANLEIER KURSUS

Anida Training

DOEL: Dit is vir mense wat as die leier van die span beskou word maar nie die volle verantwoordelikheid van `n toesighouer het nie. Persoon is slegs verantwoordelik vir orde en kommunikasie (tolk dienste), maar nie beplanning of toerusting nie.

Spanleier kursus	Balans wat plaas betaal
R1315 (Lede prys) – R546 (Maksimum krediete)	**R 769 p p**

B3: VRUGTE MODULÊRE KURSUS

DOEL : Hierdie is om produksie- en afdelingsbestuurders kans te gun om die nuutste kennis in te vorder deur klas te loop by top mense in die bedryf. Hierdie kursus was ‘n paar jaar terug aangebied en was baie gewild. Ons sal die datums finaliseer sodra ons seker is van getalle.

1. **Module 1. Ekonomie van vrugte-verbouing / vestigingskoste paneel bespreking. Piet van der Merwe / Piet Nieuwoudt**
2. **Module 2. Groei-reguleerders/buig/ringelering. Schalk Reynolds /Piet Nieuwoudt**
3. **Module 3. Oes en Plantbeskerming. Bekker Wessels**
4. **Module 4. Groei-siklus van die vrugte boom. Prof. Karin Theron**
5. **Module 5. Plantvoeding / grondvoorbereiding / onderstamme Louis Reynolds / Prof. Wihan Steyn**
6. **Module 6. Besproeiing en skedulering. Frank van den Heever of Mico Stander**
7. **Module 7. Plukrypheid en na-oes. Peter De Vries**
8. **Module 8. Velddag. Piet Nieuwoudt**

Vrugte modulêre kursus	Balans wat plaas betaal
R7500 (Lede prys) - R2184 (maks 12 NQF 5 krediete)	**R 5316 p persoon**

P4: RATKAS

Doel : Om leerders in staat te stel om ratkas komponente veilig te verwyder en te pas, in ooreenstemming met prosedures en sonder om skade aan die voertuig aan te rig. Die leerders moet vorige werkswinkel ondervinding hê.

Ratkas kursus	Balans wat plaas betaal
R2875 (Lede prys) – R2184 (Maksimum krediete)	**R691 p persoon + akkommodasie**

LEERLINGSKAPPE

NQF 1 Plant Produksie behoort ‘n vereiste vir al die kern mense te wees want die basiese kennis oor hoe plante werk, water, grond en die ekonomie van boerdery sal hulle nêrens anders leer nie. Bestuurders het nie tyd om ide kennis oor te dra nie.
NQF 4 : ‘n Moet vir junior bestuurders/ bestuurders wat intern bevorder word.
Ons bied dit net aan as ons befondsing kry. Hoe meer inskrywings ons kry, hoe sterker is ons seta aansoek.

GEBORGDE WERKSWINKEL OPLEIDING (FLP)

Roetine instandhouding van landbou masjinerie (trekkers en implemente)

Elke student sal individueel evalueer word voor die kursus begin en sal nie nodig hê om opleiding (soos bv sweis) wat hy reeds ontvang het te herhaal nie. Die kursus bestaan uit ten minste 50% prakties en hy sal ‘n logboek by die werk moet hou om te bewys dat hy ondervinding van die take opdoen.

Moet nie afgesit word deur die groot woorde en hoë krediet waardes nie. Dit is maar op NQF 2 vlak wat ‘n aanduiding is dat dit nie hoogs teoreties sal wees nie; maar dat studente wel die regte metodes geleer sal word. Die klastyd sal in totaal omtrent 20 dae wees wat in 2 blokke opgedeel sal word. Die res van die krediete kom van sy prakties by die werk waar daar ook opvolg besoeke deur die dosente gebring sal word.

NB: aan die einde van die dag is die student nie ‘n vakman nie. Hy sal wel baie deeglike kennis hê van wat verwag word rondom die instandhouding van landbou toerusting in ‘n plaas werkswinkel. Dit is ideaal vir die jong manne wat meganies aangelê is sodat hulle ‘n sinvolle loopbaan daarop kan bou. Meer ervare manne sal baat vind deur die regte metodes, netheid en akkuraatheid aan te leer.

Foundational learning: Routine Machine Maintenance

UNIT STANDARD TITLES	**SAQA NLRD ID NO:**	**NQF LEVEL :**	**CREDIT VALUE:**
Weld carbon steel work-pieces using the shielded metal arc welding process in the down-hand position.	243063	**2**	**15**
Select, use and care for engineering hand tools	119744	**2**	**8**
Mark off basic regular engineering shapes	9881	**2**	**6**
Read, interpret and produce basic engineering drawings	12215	**2**	**6**
Select, use and care for engineering power tools	12219	**2**	**6**
Select, use and care for engineering measuring equipment	12476	**2**	**4**
Sling loads	12481	**2**	**4**
Perform routine maintenance	13221	**2**	**8**
Cut materials using the oxy-fuel gas cutting process (manual cutting)	243067	**2**	**6**
Braze metals using the oxy-fuel brazing process	243069	**2**	**6**
Assemble mechanical components	253440	**2**	**12**

Ons gaan *probeer* aansoek doen sodat 30 studente volledig deur AgriSeta befonds word. Billikheid-onthalwe wil ons vra dat plase nie meer as 2 kandidate nomineer nie.

ANDER GEBORGDE OPSIES

T1: LEADERSHIP FOR HOPE - Emerging Leaders

VIR PLASE WAT DIREK OF INDIREK AAN MARKS_+ SPENCER VERSKAF

DOEL: Hierdie lewensvaardigheidsprogram is ontwikkel in Ruanda en Kenia deur die Emerging Leaders organisasie. Dit kyk spesifiek na die kwessie van verantwoordelikheid neem. Dit is `n baie deelnemende program en hanteer basiese vrae (bv. jou vooropgestelde gedagtes; doelwitte; opbouende selfvertroue) op ‘n manier wat mense nie geaffronteer laat voel nie. Hier is die opsomming van die Emerging Leaders webwerf.
STUDENTE KATEGORIE: A-D
LOKAAL: Saal vir gekombineerde groepe of plaas vir volle 100
TYDSDUUR: 3 dae

Leadership for Hope	Balans wat plaas betaal
LEDE PRYS vir nie M+S groep R25000	**R60 p p**

NB ! Lokaal en etes uitgesluit. (Beperkte aanbod)

BEWAARSKOOL OPLEIDING

Hierdie is ‘n wonderlike opsie want dit sluit apparaat in.

BABAS: LEER & STIMULEER SPEEL-SPEEL (0-18 maande)

DOEL : Dit is 'n volledige stimulering program waarin elke faset van 'n baba ontwikkel en stimuleer word. Die bylaag in die handleiding bestaan uit belangrike onderwerpe soos Kindersiektes, Baba massering, Koors, Brein ontwikkeling en stimulasie, FAS ens. en is saamgestel met hulp van 'n arbeidsterapeut. Die hulpbronne bevat onder meer: Ontwikkelingsmylpale, Rooi vlag assessering, Flitskaart, Speelgoed om self te maak, ens. Die volledige program bestaan uit:

- 'n Handleiding vir die fasiliteerder
- Loebie leesboekie met 12 stories
- Omslaan kalender met 12 rympies
- CD met baba liedjies en instrumentele musiek
- 48 Gekleurde, gelamineerde flitskaart

Die program is saamgestel sodat babas optimaal kan ontwikkel deur stimulasie met gepaste aktiwiteite en oefeninge vir elke fase.

BEWAARSKOOL : Babas	Balans wat plaas betaal
Balans wat plaas sou moet betaal	**R160 per persoon**

Plaas :

KURSUS NAAM	African						White						Coloured					Merk as borgskap 'n voor-vereiste is
Geslag van student/e	M		F		D		M		F		D		M		F		D	
Ouderdom van student/e	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	
Situasie Leierskap																		
Deelnemende bestuur																		
Modulêre kursus																		
Toesighouers																		
Spanleiers																		
Ratkas																		

WERKSWINKEL INSTANDHOUDING FLP	African						White						Coloured						Merk as borgskap 'n voor-vereiste is
Geslag van student/e	M		F		D		M		F		D		M		F		D		
Ouderdom van student/e	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35	

LEADERSHIP FOR HOPE	Xhosa	Sotho	White	Coloured	Merk as borgskap 'n voor-vereiste is
Aantal studente					
Getal nie –permanente werkers			Beste datum		

BEWAARSKOOL : Babas	Xhosa	Sotho	White	Coloured	Merk as borgskap 'n voor-vereiste is
Aantal studente					

LEERLINGSKAPPE	African						White						Coloured					
Geslag van voornemende student/e	M		F		D		M		F		D		M		F		D	
Ouderdom van student/e	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35	-35	+35
Plant produksie NQF 1																		
Plant produksie NQF 4																		

Verskaf asb. ook hulle name indien moontlik

Section E: Declaration

I the undersigned, taking responsibility for this application, certify that:

1. The information contained in this application is true and correct in all aspects
2. I have been duly authorised to sign this application
3. The required supporting documents have been attached **including** registration documents of Co-operatives etc.

NAME (PLEASE PRINT) – *NOT TRAINING PROVIDERS BUT EMPLOYERS*
POSITION IN ORGANISATION
SIGNATURE
DATE